MUNISIPALE NUUSBRIEF

THE RESIDENT / DIE INWONER

MUNICIPAL NEWSLETTER

JULIE / JULY 2011 NO. 07

Ken u Burgemeester

Die plaaslike regeringsverkiesing het op 18 Mei 2011 plaasgevind. Die regerende party, die ANC, het 12 uit die 14 wyke in die //Khara Hais munisipale gebied gewen. Die ANC het 16, die DA 7 en COPE 4 Raadslede wat hulle verteenwoordig.

In hierdie uitgawe stel ons u bekend aan die nuutverkose Burgemeester en Speaker van Munisipaliteit //Khara Hais. In die volgende uitgawe gaan ons die foto's van al die ander Raadslede plaas.

Me. Limakatso Koloi
Burgemeester van Munisipaliteit //Khara Hais wil die gemeenskap bedank omdat hulle in hul duisende na die stembusse gegaan het om aan die Plaaslike Regeringsverkiesing deel te neem.

Me. Limakatso Koloi het reeds vroeg leierseienskappe getoon toe sy op laerskool as hoofmeisie aangewys is. Sy het ook as leerling aan die Hoërskool Saul Damon op Upington as leier uitgeblink en was, onder meer, klasprefek. Sy het haarself verder as leier bewys toe sy van Verkoopsassistent tot Assistent-bestuurder van 'n bekende klerewinkel gevorder het.

Sy is in 2006 tot die Stadsraad verkies, maar het sedert 2001 in die Wykskomitee van Wyk 11 gedien. Sy verteenwoordig steeds dié wyk, nou Wyk 12, in die Raad.

Sy het ook in verskeie komitees, onder meer, as Voorsitter gedien.

Onder haar prestasies as Raadslid was toe Kalksloot, een van die gemeenskappe in haar wyk, as een van die skoonste wyke in Siyanda aangewys is. Sy het ook gehelp om te verseker dat 'n heining om die kanaal by Louisvale opgerig word nadat verskeie mense selfmoord gepleeg het deur in die kanaal te spring.

Haar politieke betrokkenheid het reeds vroeg begin en sy was, onder meer, die plaaslike Voorsitter van die *South African Clothing and Textile Workers' Union* en algemene Koördineerder van Cosatu. In 1997 het sy Voorsitter van die ANC-jeugliga se plaaslike tak geword en in 1999 Voorsitter van die ANC-vroueliga. Sy het twee kinders.

Know your Mayor

The local government elections took place on the 18th of May 2011. A new mayor for //Khara Hais Municipality was appointed. We introduce her to you.

She is Limakatso Alfonsina Koloi.

Community involvement:

- Chairperson of the Local Development Forum
- Member of the Welfare Committee
- Member of the Health Committee
- Secretary of the Ward Committee
- Councillor of Ward 11 (Ward 11 is made up of Kalksloot, farms in the area, Raaswater, Louisvaledorp and farming areas.)

Council committees:

Currently serving as a member of the Executive Committee of //Khara Hais Municipality

- Served as Chairperson of the Service Delivery and Infrastructure Development Committee
- Served as a member of the Committee on Co-Operative Governance
- Served as a member of the Mayoral Committee at the District Municipality
- Served as the Chairperson of the Committee on Institutional Development at the District Municipality

Political career:

- Served as local Chairperson of the South African Clothing and Textile Workers' Union
- Served as Gender Co-ordinator of COSATU (Congress of South African Trade Unions)
- Served as Branch Chairperson of the ANC Youth League
- Served as Branch Chairperson of the ANC Women's League
- Served as Branch Secretary of the South African Communist Party, SACP
- Served as Branch Chairperson of the ANC
- Currently serving as a Regional Working Committee (RWC) member
- Currently serving as a member of the Regional Executive Committee of the ANC in the Siyanda Region
- Serving as Mayor of //Khara Hais Municipality which has its seat in Upington.

Speaker profiel op bladsy 2 • Speaker profile on page 2